### *`n Wyse en nederige hart om Elohim te aanbid*

**207** **Ek** sê: "As jy `n werklike lewende geloof en `n innerlike oortuiging sou gehad het, sou Ek natuurlik niks teen jou en julle almal kon inbring as julle My as julle Elohim op `n passende wyse sou wil aanbid nie. Maar omdat julle nie innerlik en verseker nie in julle siel volledig geestelik oortuig is nie, sou julle met My net so goed afgodery bedryf as wanneer julle enige ander mens of gesnede beeld uit hout goddelike verering sou bewys.

[2] Wie Elohim waaragtig en seënryk wil aanbid, moet Elohim eerstens lewendig in sy hart waarneem. **Hy moet Elohim eers in die gees en in alle waarheid ken en liefhê** en dan eers kan hy Hom eer gee en ten volle aanbid. As dit nie so is nie, bedryf die mens ook met die ware Elohim afskuwelike afgodery!

[3] Hoe kan `n mens die alleen ware Elohim waardig en met reg aanbid, as hy Hom nog nooit anders as maar net baie afgodies van hoorsê geken het?! Watter onderskeid is daar dan tussen die aanbidding van die enige, ware Elohim en die van `n afgod?!

[4] **Die egte aanbidding van die enige, ware Elohim bestaan uit die liefde tot Hom en die liefde tot die naaste**. Maar wie kan Elohim liefhê, as hy Hom nog nooit geken het nie?

[5] Of kan `n jongman man ooit in vuur en vlam raak vir `n jong vrou wat hy nog nooit gesien of geken het nie? En as hy hom verbeel dat daar êrens `n jong vrou is, en hy begin die in werklikheid nie-bestaande hartstogtelik lief te kry, dan is hy `n dwaas en maak hy hom in die hoogste graad skuldig aan eieliefde, - en dit is vir Elohim `n verskrikking.

[6] Elke afgodsaanbidding is daarom die grootste, menslike dwaasheid en `n afskuwelike blindheid. Want uiteindelik maak die egte afgodsaanbidders vir hulleself afgode en laat hulle bewierook en as gode aanbid, - en dit is dan `n oorwinning van die Satan in die mensehart! Maar wee hulle wat in hulle groot verblinding hulleself inbeeld om self gode te wees! Hulle lot sal eendag baie treurig wees, **want die hoogmoed is `n wurm wat nooit sterf nie en `n vuur wat nimmer uitdoof nie!**

[7] Ek sê vir jou: Die Satan verlustig hom daarin om die blinde mense in hulle geplante hoogmoed so ver moontlik weg te voer van die orde van Elohim. Maar as hulle eers aan die ander kant as leerlinge van sy skool aankom, sal hy hulle wys hoe om die laagste en afskuwelikste dienste te doen, waarin hulle deur sy bose wil vir ewig daar sal moet bly!

[8] Die Satan as vors van die duisternis laat die mense hier tot gode verhoog, om hulle dan éénsklaps te verneder tot die laagste monsters ooit.

[9] Elohim verlang hier egter `n wyse en nederige hart, om die mense rééds des te hoër te verhef en saliger te maak.

[10] Hierdie mag sal die Satan wel ontneem word en die mense sal, volledig onafhanklik en vry wees om te doen en te laat wat hulle wil. Daardeur sal die goeie des te meer lig uitstraal en die innerlike slegte egter des te erger en dieper aan die hel toebehoort. Want daar sal hulle boosheid nie op die rekening van die Satan, maar ten laste van hulle hoogste eie rekening kom en hulle sal eers daar deur Satan en sy knegte des te meer boosaardiger onder hande geneem word.

[11] **Daarom is die eerste plig van elke mens om baie nederig van hart vir Elohim in gees en waarheid te soek**. Laat hy dan ook eers vir Elohim in gees en waarheid aanbid, as hy Hom gevind het!

[12] Die vernaamste gebed bestaan daaruit dat `n nederige hart nederig bly en sy naaste mettertyd meer liefhet as homself, maar Elohim, as die enige, egte Vader van alle mense en engele, bowe alles!

[13] **Niemand kan Elohim in sy duistere vlees liefhê as hy sy broer haat nie. Want hoe sou iemand Elohim nou kan liefhê, wat hy nie kan sien nie, as hy sy broer nie liefhet wat hy wel kan sien nie?!**

[14] Dit is op lange laas nie genoeg om te sê: 'Ek het my naastes lief en is baie vriendelik teenoor hulle nie!' Die ware en vir Elohim alleen geldige liefde moet bestaan uit dade aan jou naaste wat behoeftig is, geestelik of liggaamlik. Die liefde is die wonderbare sleutel tot die goddelike lig in die eie hart.

[15] Ek sê vir jou en jou metgeselle: As julle dié goue sleutel nie gevind en in julle hart opgeneem het nie, sou julle nooit die weg hierheen gevind het nie! Wat dit egter wil sê en wat dit beteken dat jy en jou metgeselle hierheen gekom het, ook al is dit deur `n kolossale storm in die uiterlike lewe, dit begin julle nou al te bespeur, - die nabye toekoms sal julle eers na die ware lig lei! Eers as julle My dan heeltemal sal ken, sal julle ook verstaan of Ek aanbid kan word of nie!"

### *Die eerbied van die Perse vir die heiligheid van die Meester*

**208** Hierdie woorde van My stem die Perse baie tot nadenke en **Jurah** sê vir sy metgeselle, terwyl Ek My na die drie begeef wat uit die dode opgewek was, en hulle liggaamlik laat versorg:

"Vriende! Sy woorde is baie merkwaardig en klink nog wonderbaarliker as wat Sy dade daar uitsien, hoewel dit al sodanig is dat ons nog nooit so iets dergeliks gesien het nie. Maar alle wonders lyk eenders en `n mens wat onervare daarin is, is blind en kyk nie daar waar hy die skerpste en aandagtigste moes gekyk het nie! Die genesing van ons juwelier is wel buitengewoon verrassend, maar dit is miskien nie onmoontlik om so iets op natuurlike wyse tot stand te bring nie. Ons weet natuurlik nie hoe dit gedoen sou moet word nie, maar ons weet tog wel uit ervaring dat die Indiërs die byt van die giftigste slange sonder kruie en sap en olie genees. Hy het hierdie drie ook sonder kruie, sap en olie genees, - hoe, dit weet ons nie - dit kan ons ook nie weet nie!

[2] Die drie drenkelinge is werklik weer in die lewe teruggeroep, maar dit is nog maar `n vraag of hulle werklik heeltemal dood was, of dit kon dalk nagemaak gewees het! Kortom, dade bewys nog lank nie alles nie! Maar Sy magtige Woord bewys na my mening méér as beide die wonders. So oneindig wys en ewig waar kan geen mond van `n sterfling spreek nie! Skabbi, dink nou maar net eers na oor die uitleg van die enig ware aanbidding van Elohim, dan sal jy ontdek watter deurdringende wysheid alles daarin lê. Dit is vir my die bewys van iets ontsaglik. Ja iets wat ek nouliks durf uit te spreek!"

[3] **Skabbi** vra baie verbaas: "Wel, wat is dit dan wat jy nouliks durf uitspreek?"

[4] **Jurah** sê: "Dink self maar eers goed daaroor na en dit verbaas my baie dat jy nie so gou dieselfde gevind het nie!" Skabbi begin nou om diep na te dink, maar weet tog nog nie so goed wat Jurah nou eintlik met die vraag bedoel het nie.

[5] Na `n rukkie sê **Skabbi** vir Jurah: "Laat ek jou eers iets sê, want ek glo dat daar `n baie wonderlike ding hom voorgedoen het; maar hierdie wonderlike ding is en bly iets baie riskant! Veronderstel nou eers dat dit bykans sonder enige twyfel die Messias is, dan is Hy volgens Jesaja nie net die eenvoudige mens wat hier met ons gepraat het nie, maar let wel, wat betref Sy siel is Hy ook Elohim, die enige Ware van die ewigheid af! Maar as dit so is, waar bly ons dan? Hoe kan ons swakke mense voor Hom, die Allerhoogste, bestaan? Wat moet ons nou doen, waar bly ons nou?"

[6] **Jurah** sê: "Ja, dit hou my ook besig en is nou my grootste sorg! Ek vermoed dat iets baie duidelik hier sigbaar sal word, ek verstaan net niks van die hoë heidene nie, want hulle skyn vir Hom van lewensbelang te wees!"

[7] **Skabbi** sê: "Hoor jy, dat dit in Jesaja geskrywe staan: 'En Hy sal die omhulsel, waarmee die heidene omhul is, wegneem'! Dit beteken so ongeveer: Aan hierdie vooraanstaande heidene het Hy Hom reeds geopenbaar! Hulle ken Hom reeds en betoon Hom daarom so eerbiedig hulle toegeneentheid. Hulle sal reeds ten volle daarvan oortuig wees dat Hy, die ewige Almagtige, hulle met één sug vir ewig as los kaf kan wegblaas en daarom het hulle die grootste hoogagting vir Hom en dit lyk vir my dat Hy hulle reeds oorwin het en dat die goeie Judeërs vry is! - Dit is my mening.

[8] En verder aan vind jy ook nog by die profeet: 'En JaHWeH sal die trane van alle aangesigte afwas en die smaad van Sy volk in alle lande wegneem!' Dit beteken: Verseker ook by ons in Persië. Ons sal seker nie die eerste wees met wie Hy dit doen nie, maar tog is ons nou aan die beurt en dit skyn die oomblik te wees waarop Hy aan die Judeërs in ander lande gedink het. By ons het Hy begin om ons trane af te droog en ons smaad weg te neem! Aards gesien gaan dit met ons by wyse van uitsondering wel só goed dat ons ook in die vreemde geen rede het vir trane en ons het geen smaad om te verduur nie, maar daar is nog duisende broeders en susters wat tog groot nood ly. Hulle word wel afskuwelik deur die heidene gehoon en oor die algemeen verag. Maar ons is baie goed in staat om hulle almal te help en in Sy Naam hulle trane af te droog van hulle aangesigte en hulle jarelange smaad te delg! JaHWeH, wat nou kennelik hier is, het ons ook gered en na hierdie nie so hoë berg gebring om ons as Sy werktuie te gebruik by diegene wat in vreemde lande woon. Dit is my opvatting van alles. - En nou is jy aan die woord, my vriend!"

[9] **Jurah** sê: "Ja, volgens my het jy nou die spyker op die kop geslaan! So sal dit wel inmekaar steek! Maar omdat dit nou baie seker so is, kom die groot en belangrike vraag weer: Hoe kan ons na Hom toe gaan, terwyl ons tog sekerlik tot oor ons ore in die sonde gedompel is? En tog staan daar geskrywe: 'Niemand mag en kan Elohim benader wat sondig is nie!' Ons is ontsettend onrein! Waar sal ons onsself nou kan reinig? Waar is hy wat `n regsgeldige offer van ons kan aanneem wat ons voor Elohim kan reinig van ons sonde?!"